



Ons kry die bal aan die rol met Mind Moves®


Lente Lotter

Op 13 Augustus 2018 bring die graad een juffrou Robbie* se ma na my toe uit radeloosheid met sy onvermoë om enigiets in die klas te doen. Hy het pas van 'n ander dorp afgekem en was ver agter die ander kinders wat skoolwerk aanbetref. Hy sou sommer in die middel van die les opstaan en uit die klas uitloop as hy wou. Sy ma was bekommerd oor sy aggressie, erge emosionaliteit en onduidelike spraak. Sou Mind Moves kon help?

Ons maak 'n afspraak vir 17 Augustus. Robbie werk baie goed saam en is baie nuuskierig oor wat ons alles doen. Hy is baie geïnteresseerd in die pilatesbal, en nie verniet nie: sy Mororefleks is die eerste aktiewe refleks waaraan ons moet werk en die bal word goed ingespan tydens ons eerste aktiwiteit. Dit val my op hoe gespanne sy lyf vir so jong kind is. Vir 4 weke werk ons aan die Moro en met sy derde besoek is sy Wegtrekrefleks aktief met 'n telling van een; dus begin ons met die Mind Moves daarvoor. Bydraend hiertoe kan 'n boelieprobleem wees wat kop uitsteek; Robbie word afgeknou maar laat nie met hom mors nie! Die Morotelling verlaag maar inhibeer nie. Oorlewingsbrengedrag is aan die orde van die dag. Hy kry vir homself 'n nuwe doelwit, nl. "om reg te praat".

Omstandighede is van so aard dat sy ouma hom vir sy Mind Moves sessies bring. Vervoer is 'n probleem en ons sessies moet soms uitgestel word. Robbie het 'n peuterkleinboetie en die familiesituasie is kompleks, wat heel-familie terapie vereis, maar dit is moeilik en ek kan net op Robbie fokus en met Mind Moves probeer om hom kalmer en meer denkend en beheersd te kry.

Om en by sy vierdie sessie begin ek met hulle graad 1-klas met 'n klaskamerprojek wat fokus op sinsbou. Ons Mind Moves is die Helderwakker, Armoefeninge, Tongoefeninge, Homolaterale – en Bilaterale mars (en Muismatras in mindere mate omdat die ander MM baie aandag verg). Die sinne wat hulle op 24 Oktober vir 'n vóórtoets skryf, word nie deur Robbie voltooi nie – hy skryf slegs een woord; tydens die midtoets op 15 November is een hele sin voltooi; en op 29 November met die nátoets is daar drie sinne voltooi én 'n klein eenvoudige prentjie geteken. Sien voorbeelde hiernaas.



Tydens my sessies met hulle klas, let ek op dat hy minder impulsief optree en dat sy spraak duideliker raak. Sy klasjuffrou getuig dat hy beter konsentreer, werk voltooi en beter van die bord afskryf.

“
Robbie* het baie gesukkel om sy werk te voltooi.
Hy was baie aandag afleibaar.
Vandat hy daaglik mind moves oefeninge begin doen
het, het sy aandagspan baie verbeter.
Hy kan sy werk betyds voltooi.
Hy is ook rustiger en kan baie beter konsentreer.
Kan ook sinne van die bord af skryf, wat hy
vroer die jaar nie kon doen nie.
Graad 1 juffrou van Robbie*
”

Sy ma sien verbetering in die kwaliteit van sy skoolwerk, konsentrasie en spraak. Ek skryf die verbetering toe aan die vermeerdering van sy Mind Moves a.g.v die klaskamer Mind Moves en die Wegtrek se Mind Moves. Die Helderwakker is die Mind Move wat oorleuel en wat hy dus die meeste gedoen het (help vir selfkalmering); en daarmee tesame het die Tong- en Armoefeninge gehelp vir sy spraak en taakvoltooiing.

Ons is nog nie klaar nie, maar daar is HOOP. Die feit dat hyself verbetering beleef, laat hom lekker voel en gee hom selfvertroue. Hy is emosionele-breindominant. Lekkervoel en selfvertroue help om emosionele brein te integreer met denkende brein; wat aggressie en emosionaliteit aan bande lê omdat hy beheer kry. Ons is nog besig om die hyser van die grondvloer (oorlewingbrein) af tot by die boonste vloer (denkende brein) te kry.
Mind Moves laat ons wen.

“ Mind Moves
Goede dag my naam is _____ en is die
mamma van _____
EK het besluit om _____ deel te maak van die mind moves
program wat deur juffrou _____ lante behartig word by Loerohad
Taalbos beoefen word. EK het hom deel gemaak daarvan
om hom te help met sy konsentrasie, aggressie, en
emosionaliteit en spraak.
In my opinie het dit gewerk op sekere aspekte soos
sy konsentrasie. _____ se konsentrasie het baie verbeter.
n Mens kan dit duidelik in sy skoolwerk sien hy het baie
beter geëen. EK voel hy het ook baie verbeter in sy
spraak. n Mens kan beter verstaan wat hy se want
hy kan sy woorde ordentliker uitspreek.
”

Lente Lotter

Gevorderde Mind Moves Instrukteur – Vaal Triangle

*Skuilnaam